NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 5
29 Februarie 2024

# Die finansiële posisie van die NHKA se gemeentes

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Ek kry dikwels die vraag: *Johan, hoe lyk die gemeentes se finansies?* Dit is soms 'n baie moeilike vraag om te antwoord. In hierdie artikel wil ek graag met die Kerk kommunikeer hoekom ons sê dat dit finansieel in die breë goed gaan.**

Die antwoord op die vraag is opgesluit in die gesamentlike stel finansiële state nadat al die gemeentes se state bymekaar getel word.

Die gemeentes se surplus het van 28 Februarie 2021 tot 28 Februarie 2022 met 101,84% op 'n jaar-tot-jaar-grondslag verhoog. Die netto surplus het van R6 241 482 op 28 Februarie 2021 tot R12 192 902 op 28 Februarie 2022 verhoog. Wat die skerp styging nog meer merkwaardig maak, is dat die verhoging in 'n post-Covid-19 finansiële jaar aangeteken is.

Wat in die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat) uitstaan, is dat die offergawes vir die jaar 28 Februarie 2022 R157 771 115 beloop het teenoor R126 264 868 wat aan Woordverkondiging bestee is. Dit beteken dat die offergawes die koste van Woordverkondiging kon befonds.

Die waarde van fondsinsamelings het ná Covid-19 met ongeveer R6 miljoen toegeneem. Dit het van R23 633 491 op 28 Februarie 2021 tot R29 612 977 verhoog. Die impak van post-Covid-19 op deurkollektes en fondsinsamelingsprojekte kan nog waargeneem word. Die deurkollektes en fondsinsamelings toon dat die vlakke voor Covid-19 nog nie bereik kon word nie, maar daar moet in ag geneem word dat Vlak 3 van die inperking nog 'n gedeelte van die jaar gegeld het. Die positiewe is dat daar weer groei in die inkomste aangeteken is.

Vanuit die staat van finansiële posisie (balansstaat) word die groei in kontant en/of beleggings uitgewys. Aangesien die Kerk se inkomstes hoofsaaklik op kontant gebaseer is, het die kontant in gemeente van R222 762 897 op 28 Februarie 2021 tot R242 550 931 op 28 Februarie 2022 toegeneem. Dit is 'n verhoging van 8,88% teenoor die vorige jaar. Die vraag is of dit nie net rente was wat tot die groei bygedra het nie? Die rentekoers in die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel vir die periode was 4,25%. Dit beteken dat gemeentes nie net rente op hul belegging gekapitaliseer het nie, maar dat daar ook kapitale groei in beleggings was.

'n Interessante waarneming in die tydperk is dat gemeentes se oortrokke bankrekenings met 50,5% afgeneem het. Die daling in die waardes van die oortrokke bankrekenings het my laat besef dat dit eintlik finansieel goed gaan met die Kerk. Die oortrokke banksaldo's het van R1 126 880 op 28 Februarie 2021 ('n Covid-19 finansiële jaar) verbeter tot R577 726 op 28 Februarie 2022.

Gedurende die jaar het die likiditeit van gemeentes, met ander woorde, die verhouding tussen bedryfsbates en bedryfslaste, van 417% op 28 Februarie 2021 tot 447% op 28 Februarie 2022 verbeter. Hiermee saam het die kontantverhouding tot bedryfslaste van 334% tot 365% oor dieselfde tydperk verhoog. Die solvensievlakke of die skuldverhouding tot die totale bates van die gemeentes het van 9 sent uit die rand tot 8 sent uit die rand vir die tydperk verbeter. Dit beteken op 28 Februarie 2022 was slegs 8 sent uit elke rand aan skuldeisers verskuldig. Dus op 28 Februarie 2022 het gemeentes kollektief slegs 8 sent uit elke rand se bates aan krediteure geskuld.

Alhoewel die Raad van Finansies en die Kommissie van die AKV bewus is van gemeentes wat swaar kry, gaan dit met die meerderheid van gemeentes baie goed. Gemeentes bestuur hul finansies goed, pas behoorlike nakoming toe en is oorwegend gesond. Ons kan met dankbaarheid kniel voor ons God wat self sy kerk in stand hou.

*** Kyk op bladsy 2 vir die saamgestelde finansiële posisie van gemeentes.

**Mnr Johan Hattingh**
**Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum**

Die saamgestelde finansiële posisie van gemeentes is dus soos volg:

| | 28 Februarie 2021 | 28 Februarie 2022 |
|---|---|---|
| **Inkomstes** | | |
| Offergawes | 155,057,830 | 157,771,115 |
| Deurkollektes | 13,771,654 | 15,039,644 |
| Fondsinsamelings | 23,633,491 | 29,612,977 |
| Rente ontvang | 8,617,568 | 9,905,074 |
| Erflatings en skenkings | 9,922,635 | 12,232,441 |
| Ander inkomste | 45,108,304 | 53,858,701 |
| **Totale inkomste** | **256,111,482** | **278,419,951** |
| | | |
| **Uitgawes** | | |
| Kerklike publikasies | 989,199 | 1,199,114 |
| Woordverkondiging | 117,459,005 | 126,264,868 |
| Barmhartigheidsuitgawe (bo en behalwe Diakonie Trustfonds-uitgawes) | 2,222,830 | 1,807,865 |
| Sinodale en rings-offergawes | 23,430,654 | 22,830,062 |
| Instandhouding | 14,671,499 | 19,305,012 |
| Admin – salarisse en lone | 43,966,640 | 48,914,045 |
| Ander bedryfsuitgawes | 47,130,173 | 45,906,084 |
| **Totale uitgawes** | **249,870,000** | **266,227,047** |
| | | |
| **Surplus** | **6,241,482** | **12,192,902** |

Die finansiële posisie het in die ondergenoemde periode soos volg daar uitgesien:

| | 28 Februarie 2021 | 28 Februarie 2022 |
|---|---|---|
| | | |
| **Verpligtinge** | **651,272,653** | **680,408,131** |
| Bankoortrekking | 1,126,880 | 577,726 |
| Krediteure | 17,450,016 | 17,441,229 |
| Langtermynverpligtinge | 19,401,477 | 18,903,086 |
| Opgehoopte fondse | 584,640,916 | 614,027,359 |
| Trustfondse | 19,071,999 | 19,577,764 |
| Spesifieke fondse | 9,298,554 | 9,617,705 |
| Verlofvoorsiening | 282,811 | 263,262 |
| | **28 Februarie 2021** | **28 Februarie 2022** |
| **Bates** | **651,272,653** | **680,408,131** |
| Boorgat en toerusting | 464,039 | 540,151 |
| Debiteure | 18,541,624 | 17,460,104 |
| Kontant en beleggings | 222,762,897 | 242,550,931 |
| Meubels en toerusting | 24,613,493 | 24,525,194 |
| Motorvoertuie | 451,423 | 404,913 |
| Orrel | 9,402,543 | 9,594,055 |
| Voorraad | 1,487,849 | 1,861,676 |
| Vaste bates | 373,548,785 | 383,471,107 |

## Lief en leed



- **Gemeente Alberton** het Sondag 25 Februarie afskeid geneem van **ds PB (Pieter) en Susan Viljoen**. Hulle was sedert 24 Mei 1984 ('n volle 38 jaar!) die predikantspaar. Ds Viljoen het sy afskeidspreek gelewer, waarna oudl Fred Paynter namens die Kommissie van die AKV die akte van losmaking aan hom oorhandig het. Na soveel jare was dit vir sowel ds Pieter en Susan as die gemeente 'n emosionele afskeid. **Ds CJ van Wyk en Retha** is reeds op 7 Januarie as die nuwe predikantspaar ontvang. **Op die foto** verwelkom ds CJ van Wyk vir ds Viljoen op die kansel.



Dr Robert Jones

- **Dr Robert Jones** van Villieria/Derdepoort het met sy **tweede PhD-graad** aan die Noordwes-Universiteit geslaag en ontvang sy graad op 30 April. Baie geluk! Die onderwerp van sy proefskrif was *Hermeneutiek van Kerkreg toegepas op die Kerkorde van die NHKA*. Die tema van sy eerste PhD-graad, wat hy in 2010 behaal het, was *Die vorming van 'n eietydse ampsbegrip: Jesus se oproep tot dissipelskap.*

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
    - Donderdag 29 Februarie: Ds A (Aniena) Jansen van Rensburg (36) (Leeudoringstad)
    - Vrydag 1 Maart: Ds Y (Yolandé) de Lange (41) (El-Flora)
    - Saterdag 2 Maart: Di JM (Johan) Delport (72) (emeritus) en EG (Etienne) Fourie (66) (emeritus/Benoryn)
    - Maandag 4 Maart: Dr JLJ (Johan) Smit (71) (emeritus/Vryheid/Utrecht)
    - Woensdag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delport (45) (Erasmia) en WM (Elmien) Shaw (34) (Swartkop)
    - Donderdag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (60) (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (51) (Pierneef)

## Gemeentes en bediening

- Die **Boekwinkel** by die Sinodale Dienssentrum (Derdepoort) sal **gesluit** wees van **4 tot 6 Maart** vir voorraadopname.



Dr Willie Strydom

- **Dr WA (Willie) Strydom** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Eikenhof (deeltyds).

- **Gemeente Kampersrus** vier vanjaar 70 jaar van evangeliebediening op Mariepskop en die omliggende Laeveld. Die gemeente is op 7 Maart 1954 gestig en sal in die loop van vanjaar op verskillende maniere dié mylpaal vier. Een daarvan sal insluit dat die NHKA se nuwe korporatiewe identiteit wyd en syd op kennisgewings in die bedieningsgebied aangebring sal word. Deel van die viering is dat die gemeente met hul naam beter uitdrukking wil gee aan hul ligging en reikwydte. Tans is die gemeente die enigste kerk in Kampersrus, maar die gemeente strek veel verder, oor die hele dorpsgebied van Hoedspruit. Daarom sal die gemeente **vanaf 7 Maart 2024 bekendstaan as die NHKA Gemeente Kampersrus Hoedspruit**.

- **Ds Peet Esterhuizen, Fondssekretaris van die Teologiese Opleidingsfonds, skryf soos volg:** "Jurie Els se liedjie *Hoe sê mens dankie?* skiet my gedagtes binne as ek namens die Teologiese Opleidingsfonds en die begunstigdes uit die Fonds die afgelope jaar wil dankie sê vir u waardevolle bydraes. Dankie aan al die ringe, kerkrade, NHSV takke en individue, julle wil ons nie vergeet nie. Jul waardevolle bydrae tot die Teologiese Opleidingsfonds in die finansiële jaar wat 29 Februarie 2024 sluit, het harte bly gemaak en lewensdrome in vervulling laat gaan. U bydrae het gehelp om ons studente te ondersteun in hul teologiese studies en kollegas met hul nagraadse studie in die Teologie. Indien daar nog skenkings gemaak wil word – byvoorbaat baie dankie daarvoor. Die bankbesonderhede is soos volg:
  **Teologiese Opleidingsfonds**
  **ABSA Bosmanstraat**
  **Rekeningnommer: 4048632649**
  Vir enige verdere navrae, kontak my gerus: Peet Esterhuizen, Fondssekretaris, by **peet.esterhuizen@gmail.com** of 082 764 2622."

- **Gemeente Montana-Oos: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur aan die skriba, oudl Johan Emmenis, by **johan.emmenis@gauteng.gov.za** of kontak hom by 060 546 7438 of vir Susan Schoonbee by 082 411 5464 tydens kantoorure (08:30-12:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is geleë in Kameeldriftweg, Derdepoort, Pretoria (Roodeplaatdam/Kameeldrift-Oos-area).

## Vergaderings

Donderdag 29 Februarie: Kommissie van die AKV
Vrydag 1 Maart: Kommissie van die AKV

## Ringsvergaderings 2024

| RING | VERGADERPLEK | DATUM |
|---|---|---|
| BRAKPAN | Emmaus Kenleaf | 5 Mei |
| BRONKHORSTSPRUIT | Witbank-Noord | 11 Mei om 09:00 |
| CHRISSIESMEER | Piet Retief | 4 Mei |
| DORSLAND | Swakopmund | 17 en 18 Mei |
| GERMISTON | Alberton | 9 Junie om 15:00 |
| HOËVELD | Heidelberg | 6 April om 09:00 |
| JOHANNESBURG | Johannesburg-Wes | 11 Mei |
| KLERKSDORP | Klerksdorp-Suid | 19 Mei |
| KROKODILRIVIER | Buffelspoort | 6 Mei om 08:00 |
| KRUGERSDORP | Krugersdorp-Oos | 4 Mei om 08:00 |
| LAEVELD | Laeveld | 9 Junie |
| LOSBERG | Randfontein Midpark | 13 Julie |
| MAGALIES | Noorderlig (Witfontein) | 5 Mei |
| MAQUASSI | Wolmaransstad | 9 Junie om 11:00 |
| MIDDELBURG | Witrivier | 18 Mei |
| NOORDELIKE BOSVELD | Van der Hoff | 5 Junie |
| NOORDELIKE NATAL | Vryheid | 4 Mei om 09:00 |
| NOORD-KAAPLAND | Kathu | 20 April |
| OOS-KAAPLAND | Port Alfred | 11 Mei |
| PIETERMARITZBURG | Durban-Suid | 18 Mei |
| POTCHEFSTROOM | Potchefstroom | 19 Mei om 15:00 |
| PRETORIA | Silverton | 2 Junie |
| PRETORIA-WES | Midstream | 14 April om 11:00 |
| ROODEPOORT | Culembeeck | 2 Junie |
| RUSTENBURG | Rustenburg-Kloof | 12 Mei om 11:00 |
| SWELLENDAM | Mosselbaai | 11 Mei om 08:30 |
| VEREENIGING | Meyerton | 4 Mei om 08:00 |
| VRYSTAAT | Bloemfontein-Wes | 10 en 11 Mei<br>17:00 op 10 Mei |
| WES-KAAPLAND | Weskus | 25 Mei |
| ZEERUST | Zwartruggens | 11 Mei |
| ZUURFONTEIN | Primrose-Oos | 11 Mei 08:00 |

## Kerklike publikasies




- In die **Maart 2024-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **dr Thinus van Staden** dat dissipelskap gebeur waar mense mekaar ken en vertrou, waar mense vir mekaar sê: *Kom ek gaan wys jou.* Jy kan nie vir iemand gaan wys, as jy nie self gesien het nie. Jy kan nie iemand lei, as jy nie self gevind het nie. En jy kan nie een van die twee doen, as die Here jóú nie heel eerste gesien en geken en gevind het nie. **Dr Johan van Staden**, redakteur, skryf oor die maatskaplike rol van die Kerk se amptelike mondstuk, *Die Hervormer*. "Hoewel die openbare opinie allermins kerklike media se fokus is, is die rol van *Die Hervormer* in uitdagende tye goed gedokumenteer. Verder dui leserstatistieke en -terugvoer op 'n leserskorps, en daarmee saam 'n invloed, wat tot ver buite die tradisionele grense van die Kerk strek. Ons Kerkkoerant was nog altyd op die voorpunt van bewusmaking – weliswaar nie om enige hedendaagse revolusie te voed nie, maar beslis om as broodnodige inligtingsbron en, les bes, ook as die Kerk se gewete, te dien. Sosiale media mag dalk die temperatuur akkuraat meet, maar die hartklop van die Kerk word steeds deur *Die Hervormer* weerspieël." **Ds Kalla Fourie** vertel hoe die NHKA se Kinderhuise ontstaan het, en ons kry 'n blik op die bediening van **ds Danie Taljard** in diens van die Christelike Seemansorganisasie. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.





## Toerusting



- Die 94ste viering van die **Wêreldbiddag vir Vroue** vind plaas op **Vrydag 1 Maart 2024**. Hierdie ekumeniese biddag vir vroue vind jaarliks regoor die wêreld plaas op die eerste Vrydag in Maart. Ongeveer 175 lande vorm 'n gebedsketting waar vroue in plaaslike gemeentes en gemeenskappe oral in die wêreld bymekaarkom om die voorgestelde program te volg en saam te bid.

  Die tema word elke jaar bepaal deur vroue van verskillende lande. In 2024 het die vroue van Palestina die tema *Ek dring aan... Verdra mekaar in Liefde* gekies. Efesiërs 4: 1 tot 7 vorm die agtergrond vir 2024 se verrigtinge met vers 2 wat lui: *Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.*

  Ons is die draers van geloof, hoop en liefde in 'n stukkende wêreld. Daarom die oproep aan elke gelowige: *Ek dring aan... Verdra mekaar in Liefde!*




- **40 liedere vir die 40 dae Lydenstyd.** Vanaf Woensdag 14 Februarie is daar elke dag 'n nuwe opname van 'n gepaste kerklied waarna jy kan luister om jou meelewing tydens die Lydenstyd te verdiep. Die musiek is opgeneem in Gemeente Pretoria-Oos. Klik net hieronder en luister dag vir dag saam soos ons die pad na Golgota stap. As jy die lied-vir-die-dag daagliks via WhatsApp wil ontvang, stuur gerus jou selnommer na 072 041 3954. Klik ***hier***.




- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) 2024** se streekindeling dien as riglyn en mag ter wille van die verskillende streke se omstandighede aangepas word. Skrywes sal betyds aan al die predikante van die onderskeie streke gestuur word.

| **Streekindeling 2024 VTT** | | | |
|---|---|---|---|
| **Streek** | **Ringe** | **Datum VTT** | **Streekverteen-woordiger en fasiliteerders** |
| Gauteng Pretoria | Pretoria, Magalies, Pretoria-Wes, Krokodilrivier | 21-22 Mei | André Ungerer<br>Frikkie Labuschagne |
| Gauteng Johannesburg | Johannesburg, Brakpan, Germiston, Zuurfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Vereeniging | 4-5 Junie<br>Kempton Park-Oos | Christo van der Merwe<br>Hannes Janse van Rensburg |
| Oos Kaap | Oos-Kaapland | Tweeweeklikse virtuele gesprek | Denise Schmidt<br>Danie Taljard |
| Noordelike Bosveld | Noordelike Bosveld, Laeveld | 4-5 Junie<br>Van der Hoff Groblersdal | Daan van Wyk<br>Frikkie Labuschagne |
| Natal | Pietermaritzburg, Noordelike Natal | Sal bekend gemaak word | Dawie Jacobs<br>Johan Bester |
| Mpumalanga | Middelburg, Hoëveld, Chrissiesmeer, Bronkhorstspruit | 10-11 September<br>Genesaret by Chrissiesmeer | Nicolaas Steenekamp<br>André Ungerer<br>Hannes Janse van Rensburg |
| Noordwes | Potchefstroom, Klerksdorp, Maquassie, Vrystaat, Noord-Kaapland, Rustenburg, Zeerust, Losberg | 21-22 Augustus<br>Venterskroon | Willem Kok<br>Johan Bester<br>Annelie Botha |
| Kaap | Wes-Kaapland en Swellendam | 2-4 September | Chris le Roux<br>Christo van der Merwe |
| Namibië | Dorsland | Sal later bekend gemaak word | Barnie van der Walt<br>Hannes Janse van Rensburg |

## Barmhartigheid

- Gemeentes word aangemoedig om hul **deurkollektes van Sondag 3 Maart** te skenk aan die NHKA se **Diakonale Pleegsorghuise (DPS)**. Die DPS-stelsel het in 1996 'n aanvang geneem, en vandag besit ons ses DPS-huise: twee in Pretoria, en een elk in Potchefstroom, Rustenburg, Krugersdorp en Elsburg.

  Bydraes kan inbetaal word by die Raad van Finansies:
  Rekeningnommer: 020000287
  Bank: ABSA
  Takkode: 632005
  Verwysing: 16DPSS + Gemeentenaam

  Gemeentes is natuurlik welkom om die deurkollekte op **enige ander dag** te hou, volgens hul programme.

- Die **kamp vir DPS-pleeggesinne** vind plaas van **21 tot 24 Maart** te **Venterskroon**. Daar word beoog om 30 pleegkinders asook tien pleegouers uit te nooi en agt studente te betrek by die toesig oor en aanbieding van aktiwiteite. Hierdie jaar kom drie van die vorige pleegkinders weer saam kamp as studente om 'n bietjie hul ervaring van die lewe na pleegsorg met die kinders te deel en as mentors vir hulle op te tree.

  Die kamp van 2023 se uitgawes het ongeveer R70 000 beloop. Dit sluit vervoer, etes, verversings, aktiwiteite asook verblyf vir die vier dae in. Besighede en individue wat 'n bydrae tot hierdie verdienstelike saak wil maak, kan aansoek doen vir artikel 18A-belastingvrystelling. Donasies kan inbetaal word in die volgende bankrekening:

  | | |
  |---|---|
  | **Rekeningnaam:** | Kinderhuise van die NHKA |
  | **Bank:** | ABSA Besigheidsrekening |
  | **Rekeningnommer:** | 020390093 |
  | **Beskrywing:** | Kamp |

  Indien direkte inbetalings gemaak word, moet die bewys van inbetaling per e-pos gestuur word na **suzanne@rata.org.za**. Vir enige verdere navrae, kontak mev Suzanne van Deventer by 066 477 8904. Besoek gerus die webwerf by **https://pleegsorg.org.za** of die Facebook-blad *DPS Huise*.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks** vir bejaardes in **Brooklyn, Pretoria,** beskik oor die volgende:
  - Tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff teen R465 400.
  - Eenslaapkamer-huureenheid beskikbaar by Huis MacIntosh teen R5 330 (krag ens uitgesluit).

  Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000

Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangs-beheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## ’n Gedig

**Stuurwielgebed – Du Toitskloof**

Daar is iets sags in U.
U breek in branders oor die rotse by die see
en droog die takke van die bome –
in dik miswolke daal
U op die bergpad af.
Ek soek U staf.
Die blink streep tierogies
krimp korter as ek teologies
dink.

Vreemd raak ek tog versoen
daarmee dat ek so karig min
in U geweld kan sien – dié sin
is half by my verby.

Laat dit so bly!

Ek skrik ook vir u brute krag
maar iets in U – ek weet – is sag.

Want in die suising van die wind
hoor ek hoe U soms roep: “My kind, my kind...”

**IL de Villiers**
(Uit: *Leitourgos*, 1972)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Rooihuiskraal: Aandmark**
  **Vrydag 1 Maart 2024 vanaf 16:00**
  hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds, Centurion
  20 uitstallers met verskillende items
  Trapkarre en ander jeugaktiwiteite
  Kerrie-en-rys en pannekoek op die dag beskikbaar sonder bestelling
  Braaivleisete moet vooraf bestel word
  Navrae: Gemeentekantoor 012 657 1281 / **rhkkantoor@nhkrhk.co.za**

- **Gemeente Kaapstad: Kosfees op Melkbosstrand**
  **Saterdag 2 Maart vanaf 09:30**
  Robbenweg, Melkbosstrand
  Bring die hele familie en kom geniet die dag saam met ons!
  Daar is koffie en tee vir Ouma en Oupa,
  terwyl Mamma en Pappa kos koop en die kinders die springkasteel geniet!
  Hollandse krokette, kerrie-en-rys, vetkoek-en-maalvleis
  Worsbrood en hamburgers, gevriesde maaltye
  Poedings, pannekoek en vele meer
  Navrae: Elmarie Waugh 082 806 8396

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Bevry my, Heer Jesus,
van enigiets wat my van U af wegkeer.
Ruim die warboel van kleinlike griewe op.
Verwyder die vlekke van wrewel en bitterheid.
Reinig my gedagtes
wat so vol is van woede, afguns en selfbejammering.
Skep ruimte in my lewe
vir meer welwillendheid en minder geniepsigheid,
meer vrygewigheid en groter deernis.
Vul my hart in hierdie Lydenstyd
met 'n gees van dankbaarheid,
sodat ek bewus kan raak
van al die kosbare klein gawes wat oral om my is.
Ek vra dit in u heilige Naam.
Amen.

sharecatholic.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk